NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

19 Maart 2023

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Rian Steenkamp. *Lydensweek 5.* **Efesiërs 5 : 8-14.** *Die groot MAAR …*
2. **Nuwe lidmate – Baie welkom!** Meld asb by Sakkie en Elsa Louw in die portaal aan.

ONS LEWE

1. **Program vir volgende weke:**

26 Mrt	Lydensweek 6
2 Apr	Groot Lydensweek begin. 'n Doen-pakket sal vir elke huis beskikbaar wees.
6 Apr	Goeie Vrydag – 09:00; Kruisdiens met Nagmaal.
9 Apr	Paasfees. Oggendwaak – 06:00; Ligfees – 09:00.

2. **Woendag Bybelstudie** hervat weer op **12 April.**
3. **Nuwe lidmate:** Ons verwelkom almal wat in die afgelope tyd by ons aangesluit het:. Mag ons vir mekaar tot seën wees: Ria Müller; Vourinus en Cilna Coetzee; Ruben en Corrie van Staden; Linda du Plessis; Christine Welgemoed; Ockert en Zinea Pretorius; Berdine Mostert; Marti van Aswegen; Isobel Vosloo; Theo en Hemie de Lange; Magdaleen Grundlingh; Elizma Ford; Jacques, Marlize en Abi Swart; Gert, Marika en Markus Haasbroek; Pearce en Marleen Rood; Jan en Magda Byles; Quintus Botes, Melissa Hafenscher en Paul Fitzpatrick … *en in die afgelope week* … Johan Hanekom en Francois en Anica Knoetzen.
4. **Jong werkende lidmate** (vroeg 20 tot skraps 40): Ons nooi nuwe lidmate in dié ouderdomsgroep om by ons **omgeegroep** aan te sluit. Elke tweede Woensdag om 19:00 – weer hierdie week – 22 Maart – by die kerk. Kontak asb vir Riaan Heenop (076 758 3713) vir enige navrae.

GELUK MET DIE VERJAARSDAG

19/03 Troy Scheun, Ryden van den Berg
21/03 Marika Haasbroek
22/03 Selize Swanepoel
23/03 Manie Beukes, André Combrinck, Johan Grobler
24/03 Dawie Brand, Carolien Heyes, Errol Norris
25/03 Louise Kritzinger

ONS GEE OM

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Di Hart** (083 226 5486), **Annette van Heyningen** (074 298 3338 - Chris), **Piet Homan** (072 355 2186), **Heleen Bekker** (011 787 3732), **Johan Kemp** (011 787 6274), **Abraham Verrynne** (083 483 9132), **Dolf Müller** (082 854 8815) en **Chris de Waal** (082 926 2282).
2. **Operasies, hospitalisasie en gesondheidsprobleme:**
   - **Elsabé Maritz** (061 824 4901) **herstel goed** na 'n tweede rugoperasie en komplikasies.
   - **Wilma de Lange** (083 284 1693) en **Flooi Botha** (072 234 2062) ontvang chemo-terapie.

GEBEDSBEDIENING

'n **WhatsApp-groep** van gebedsvennote ontvang gebedsversoeke: spesifiek-persoonlike sake of ook anoniem indien so verkies.
Rig **versoeke** aan Marisa Combrinck – 082 823 8654.

Gebedsversoeke kan op die **kaartjies** by die kandelare by hoofdeur gelaat word.

Ons bid hierdie week vir …

- Ons land … met al die ellende daarin … ons leiers … die regstelsel … en die ekonomie
- Ons gemeente … met al die mense daarin … ons siek, eensame en treurende lidmate

BYBELVERSPREIDING



Die kerkraad stel Bybels teen 'n **subsidie-prys van R70** beskikbaar vir verspreiding deur lidmate. Verskeie vertalings is tans in voorraad maar spesifieke behoeftes kan ook bestel word.

Kontak Zelda Hertz (082 873 6458).

ONS GLO IN SEëN VIR 2023

Die verslag wat Diensgroep Steundienste reeds aan die gemeente beskikbaar gestel het getuig van besondere seën wat ons op finansiële terrein beleef. Ons dank die Here vir die manier waarop die Gees lidmate steeds lei om offers vir die Here se werk in Randburg te bring:

Die **boekjaar** tot **Februarie 2023**: Inkomste R 3 785 861. Uitgawes R 3 474 225. Oorskot R 311 636
Die **begroting** tot **Februarie 2024**: Inkomste R 3 680 086; Uitgawes R 4 037 577. Tekort R 357 491.

Hierdie tekort sluit 'n styging in die werk van ons Diensgroepe en ook beplande kapitaal-uitgawes soos 'n sonkrag-stelsel en onderhoudswerk aan die pastorie in. Die gemeente beskik oor aansienlike kapitale beleggings wat in die voorsiening hiervoor gebruik kan word. Die netto tekort is baie naby aan 'n gelyk breek-punt indien die kapitale uitgawes afgetrek sou word.

Die begroting maak staat op 'n gereelde dankoffer van elke lidmaat volgens vermoë en oortuiging. So 'n dankoffer kan op verskillende maniere gegee word: **Debietorder** (*wat verkieslik jaarliks aangepas word*); **SnapScan**; **Elektroniese Fonds Oordrag**; **Kontant** (*in gemerkte koevert*) in die offergawe-bord. Enige navrae oor die saak kan aan Nico Crous (083 386 6990) of Nic Lotter (082 321 2809) gerig word.

WOORD VIR DIE WEEK

– Vir die gesin en omgeegroepe –

Lydenstyd 5 – Efesiërs 5: 8 - 14

Moment 1: Lig is 'n verhoudingsterm ... Ons hoor baie dat Christen-gelowiges kinders van die lig is. Hoe het jy dit nog altyd verstaan en hoe help dit jou in jou nadenke oor jou identiteit? Of is dit een van daardie geloofswoorde waaroor jy nie eintlik nadink nie? Met sy woorde herinner die skrywer van Efesiërs die gehoor dat lig hul nuwe status aandui. Die woorde "is julle lig" kan nie verstaan word sonder "in die Here" nie (v 8, 2020-vertaling).

.....

.....

.....

Moment 2: Dit wat ons is, bepaal wat ons doen ... ons speel 'n bietjie met woorde. Lees die teks stadig deur. Skryf al die teenoorgesteldes neer wat jy in die teks vind. Watter pare het te make met identiteit? Watter het te make met werke? Hoe hang identiteit en werke saam (ons kan praat van *being* en *doing*)? Kyk nou na vers 8 en die twee woorde want en maar. Hoe pas dit by jou verstaan van die verse in?

.....

.....

.....

Moment 3: God is ook die God van die donker ... die Christelike tradisie werk egter nie net met die woord lig nie. Soms is ons geneig om lig te sien as goed en donker as boos. Tog is God ook die God van die donker. Hy is teenwoordig in elke donker nag en ook in die donkernag van twyfel. In die mistiese tradisie is God juis anderkant lig en sekerheid. In Hooglied is donkerte die tyd waar geliefdes ontmoet. Wees bedag daarop om nie so in teenoorgesteldes te dink dat ons God inperk nie.

.....

.....

.....

Moment 4: Die vrugte van die lig is lewend Lees weer vers 9. In die psalms kry ons dikwels personifikasie, byvoorbeeld in Psalm 23:6: "Net goedheid en troue liefde sal my volg" (2020-vertaling). Skryf 'n seënbede vir iemand waarin jy personifikasie gebruik om goedheid, geregtigheid en waarheid lewend te maak, byvoorbeeld: "*Mag die vrug van waarheid oor jou waak*.

.....

.....

.....

Gesinne kan die baie bruikbare en toepaslike **DinkJeug Familie App** aflaai vir daaglikse oordenkings wat by hierdie tema aansluit. Dit bevat ook ander hulpmiddels vir huisgeloof. https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en .

SNUFFELGIDS

1. **Blomme en dekor vir enige geleentheid:** Troues, konferensies, verjaarsdae en spesiale vierings. Groot verskeidenheid beskikbaar. Epos: blessings.flowerings@gmail.com of kontak Betsie (082 442 6373) vir meer inligting.
2. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard - 073 248 1513.
3. **Loodgieter:** Gekwalifiseerde loodgieter. Skakel vir Maurice van Wyk - 076 266 2068.
4. **Te koop:** Tuisgebakte klein koekies en beskuit te koop. Kontak Elsabe - 082 877 6501.
5. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
6. **Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuum verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maalvleis ook beskikbaar. Besoek www.affi-plaas.co.za of kontak Martiens (071 609 8937) vir meer inligting.
7. **Betroubare verfwerk:** Diet Masenya (072 850 0588) lewer 'n uitstekende diens as verwer en algemene herstelwerk. Afrikaans en Engels goed magtig. Verwysings beskikbaar.
8. **Beskuit te koop:** Tuisgemaak. R80-00 vir 500 gram. Verskeidenheid soorte. Skakel of WA gerus vir Anna - 082 653 2059. Aflewering kan gereël word vir Sondae by kerk.
9. **Te Huur**: Pragtige tuin woonstel in boomryke inheemse tuin, R8 550 per maand. Modern, ten volle gemeubileer en goed toegerus. Dit word weekliks gediens, blits-vinnige internet, ultra-stil-kragopwekker, sentraal, veilig met elektriese omheining in baie stil woonbuurt. Veilige onderdak parkering asook groot swembad! Kontak - 082 920 6163.
10. **Soek werk:** Betroubare en ervare huishulp beskikbaar. Vriendelik en vlytig. Middeljarige SA burger met redelike vaardigheid in Afrikaans. Kursus in algemene huishouding en bejaarde versorging. Beskikbaar Dinsdae en Donderdae. Leon Kruger (072 918 3520) vir besonderhede.
11. **Te Koop:** Otto Bach klavier. Kontak Linda du Plessis - 084 663 3363.
12. **Werk aangebied – dringend:** Persoon jonger as 23, onlangs gematrikuleer of gegradueer – B.Com Rekeningkunde/Bemarking, tweetalig. Kontak Peet - 082 825 5014.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.